**24 DESEMBER** **SKRIFGEDEELTE: LUKAS 1:57-80**
**FOKUSGEDEELTE: LUKAS 1:67-80**

## Die Here het na ons omgesien

Sagaria loof die Here omdat Hy "sy volk in genade opgesoek" het (vs. 68).

Die eerste deel van die lied is 'n psalm van lof wat goddelik geïnspireerde kommentaar gee op die betekenis van die gebeure wat nou in hulle midde begin het. Sagaria vat die betekenis van alles treffend saam as hy sê dat die Here sy volk "besoek" het. Hier is nie sprake van besoek in oordeel nie, maar die betekenis van die woord *besoek* hier is dat God "kom om te red en te seën". God se besoek word direk verbind aan die verlossing wat Hy vir hulle bewerk (vs. 68). Die agtergrond van hierdie verlossing is die Ou-Testamentiese gedagte van God wat sy volk bevry en uitlei uit Egipte. Hierdie "eksodus" word ook gesien in ander verlossingsgebeure in die Ou Testament, byvoorbeeld die terugkeer uit die ballingskap. God se verbondstrou het daarin heerlik uitgekom.

Nou word die verlossing voltooi en vervul deurdat God 'n "sterk Verlosser" (vs. 69) laat opstaan uit die huis van Dawid. Dit is 'n duidelike verwysing na die Messias, Jesus Christus.

Sagaria noem wel ook sy eie seun, Johannes die Doper, as voorloper van die Messias (vs. 76), maar sy grootste verwondering en lof is nie oor sý kind nie, maar oor die gawe van Jesus Christus "om lig te bring aan dié wat in die duisternis en in die skaduwee van die dood lewe, om ons voetstappe te rig op die pad van vrede" (vs. 79).

*Sing: Skrifberyming 3-1:1, 3* *Dr Frans van der Walt (Bellville-Oos)*